PBO 930022142 NPO 049-191

Riglyne/oorsiglys om 'n langtermyn-versorgingsfasiliteit te kies

Hoe toeganklik is die tuiste

- Is dit naby aan familie en vriende?
- Is dit binne veilige stapafstand van:'n aanbiddingsplek, winkels, 'n bank, die poskantoor?
- Is dit naby aan gemeenskaps aktiwiteite waarby die inwoners nog betrokke is?
- Is dit in 'n bekende omgewing of in 'n nuwe gebied?
- Is die gebied veilig?



Eerste indrukke

- Hoe is jy ontvang toe jy onaangekondig daar opgedaag het?
- Was die personeel vriendelik?
- Is die veilig, skoon en mooi versier?
- Is daar enige opvallende reuke (veral urine)?
- Lyk die inwoners gelukkig en besig of sit hulle in die niet en staar?
- Het jy personeel en inwoners gesien wat met mekaar sit en gesels?
- Was enige van die inwoners meganies in hulle stoele bedwing?

Reëls en regulasies

- Gaan die tuiste se lisensiëring en registrasie na.
- Voel jy gemaklik met die tuiste se reëls en regulasies?
- Is dit baie georden?
- Moet inwoners op vasgestelde tye bed toe gaan?
- Word besoektye streng afgedwing?
- Wat is die beleid oor die meganiese bedwang van verswakte inwoners?

Ref. cbonita.brinkster.net

Finansies

- Sal jy die tuiste se fooie kan bekostig?
- Hoeveel is die jaarlikste verhoging in fooie?
- Sal jy onbepaald die tuiste se fooie kan bekostig?
- As jy 'n mediese fonds/ ongeskiktheidsdekking/ versekering het, sal dit enige van die koste vir die tuiste dek?
- Is daar bykomende koste in die tuiste wat nie deel van die maandelikse huur/heffing is nie?

Inwoners

- Is daar 'n komitee vir die inwoners?
- Is daar kanale waardeur inwoners klagtes kan indien? Is daar 'n ombudsman?
- Word inwoners aangemoedig om fisiek en verstandelik aktief te bly en om waar moontlik en van toepassing na hulle eie behoeftes om te sien?
- Word inwoners toegelaat om met huiswerk/aktiwiteite in die tuiste te help?
- Noem die personeel die inwoners op die naam?
- Lyk die ander inwoners simpatiek?
- Is daar mense van beide geslagte?
- Word inwoners aangemoedig of gedwing om bedags uit hulle kamers te kom?

Personeelvoorsiening

- Daar moet interaksie van 'n hoë gehalte tussen die personeel en inwoners wees.
- Het die tuiste 'n hoë personeel omsetkoers?
- Is daar vir elke skof genoeg versorgers aan diens?
- Watter personeellede is op roep/ 24 uur per dag beskikbaar?
- Ontvang die personeel voortgesette opleiding?

Bewustheid van veiligheid/noodgevalle prosedures

- Is daar opritte en is daar regdeur die tuiste gemaklike toegang vir rolstoele?
- Is die tuiste genoegsaam verlig?
- Is daar veiligheidsrelings in die gange?
- Is die vloeroppervlakke so dat mense nie maklik sal gly nie?
- Is daar maklik bereikbare paniekknoppies?
- Is die gange en trappe goed verlig?
- As die tuiste meer as een vloer het, is daar 'n hyser?
- Is daar 'n noodplan om die tuiste te ontruim?
- Is daar sigbare en toeganklike brandslange?
- Is daar rookalarms?
- Is daar gereelde brandoefeninge in die tuiste?
- Is die tuiste gekoppel aan 'n maatskappy wat gewapende reaksie bied?
- Wat is die ander veiligheidsreëlings in die tuiste?
- Is die tuiste veilig wat toegangsbeheer/omheining, ens. betref?
- Wat se nood mediese voorraad is op die terrein beskikbaar?
- Is daar kluise waar inwoners goedere in veilige bewaring kan plaas?
- Is daar draagbare paniekknoppies vir die inwoners beskikbaar vir wanneer hulle buitentoe gaan?
- Are portable panic buttons available for residents when they go outside?

Befondsing vir die tuiste

- Wie is die grootste befondsers van die tuiste?
- Is dit 'n winsgewende of nie-winsgewende organisasie?
- Is daar enige vorm van finansiële bystand – as verswaktesorg of bykomende sorg benodig word – as die inwoner dit nie kan bekostig nie
- Is dit 'n lewensregskema?

Slaapkamers

- Het die kamers 'n uitsig?
- Is daar genoegsame lig?
- Is klammigheid 'n probleem in die kamer?
- Is die kamers gemeubileerd of ongemeubileerd?
- Is dit 'n enkel- of dubbelkamer?
- Kan die inwoner 'n ketel, broodrooster, ens. in die kamer aanhou?
- Is daar genoeg elektriese sokke in die vertrek (vir 'n bedlampie, ketel, radio, haardroër, ens.); indien nie, word aftakkers toegelaat.
- Is daar 'n noodklokkie/paniekknoppie in die kamer?
- Is daar genoeg kaste en laaie in die kamer?
- Wat se persoonlike meubels en besittings word toegelaat?
- Word inwoners toegelaat om privaat telefone in hulle kamers te hê?
- Word besoekers in die kamers toegelaat?
- Kry inwoners etes in hulle kamers as hulle ongesteld is?

Badkamers

- Eie of gedeel?
- Bad en / of stort?
- Is daar 'n paniekknoppie in die badkamer?
- Is dit geskik vir ouer persone (d.w.s is dit by die behoeftes van 'n ouer persoon aangepas) – byvoorbeeld met oppervlakke in baddens wat nie glad is nie, handvatsels, relings in die bad,

stortstoele, ens?

- Is daar gemaklike toegang vir rolstoele in die badkamer?
- Indien nodig, is daar vir inwoners, wat nie verswaktesorg nodig het nie, bystand met bad en stort beskikbaar?

Kombuise, kos en drinkgoed

- Hoe laat is etenstye?
- Is die kos van 'n hoë gehalte en groot verskeidenheid?
- Word daar vir spesiale diëte voorsiening gemaak (bv. hoë proteïen, laevet, kosjer, vegetaries, halaal, ens.)?
- Is daar 'n dieetkundige vir die inwoners beskikbaar?
- Is daar 'n verskeidenheid in die weeklikse spyskaart en verander die spyskaart gereeld?
- Is poeding en vrugte deel van die gereelde spyskaart?
- Is die porsies groot genoeg? Word 'n tweede porsie toegelaat?
- Is daar afsonderlike areas vir kosvoorbereiding/skottelgoedwas en afvalverwydering?
- Word besoekers toegelaat om etes in die eetkamer te nuttig? Teen watter prys?
- Is daar enige spesiale etes (bv. vir godsdienstige vakansiedae, verjaardae, ens.)?
- Kan inwoners padkos kry as hulle vir die dag uitgaan?
- Word tee gereeld deur die tuiste verskaf (bv. oggend en middag) en word iets saam met die tee bedien?
- Word alkohol op die terrein toegelaat?

Tuin

- Is daar 'n tuin?
- Is die tuin vir die inwoners toeganklik en beskikbaar?
- Word aktiewer inwoners aangemoedig om met die tuin te help?
- Is daar banke buite?
- Is daar 'n geskikte, veilige pad om in die tuin mee te wandel? Is daar relings langs die pad?
- Is die tuin snags verlig?

Watter bykomende dienste verskaf die tuiste?

- Voetkundige (chiropodis)?
- Fasiliteite vir haarkappers?
- Aromaterapie/refleksologie/ander alternatiewe terapieë?
- Snoepwinkel of kantien?
- Dagkliniek/ondersoekkamer?
- Word medikasie toegedien as inwoners wat nie verswaktesorg ontvang nie hierdie diens nodig het?
- Watter bykomende professionele dienste is beskikbaar (bv. maatskaplike werk, arbeidsterapie, fisioterapie, spraakterapie)?
- Is daar vir noodgevalle 'n dokter op roep?
- Is daar aktiwiteitskamers?
- Is daar gereelde aktiwiteit- en oefenprogramme vir die inwoners?
- Word inwoners aangemoedig om nuwe vaardighede aan te leer?
- Word daar uitstappies, lesings, praatjies en uitstallings vir die inwoners gereël?
- Is die gemeenskap enigsins by die tuiste betrokke?
- Het hulle vrywilligers wat by die tuiste diens doen?
- Is daar 'n sitkamer met 'n televisie en een daarsonder? Is die televisie heeldag aan?
- Is daar satelliet televisie beskikbaar?

Intimiteit en privaatheid

- Mag getroude pare 'n kamer deel?
- Word inwoners in die tuiste toegelaat om seksueel aktief te wees?
- Word inwoners in die tuiste hulle privaatheid gegun?
- Klop die personeel voordat hulle in kamers ingaan?
- Is daar vir telefoonoproepe privaatheid beskikbaar?
- Is daar 'n privaat besoekarea beskikbaar vir inwoners wat 'n kamer deel?

Besoekers

- Word inwoners toegelaat om vir dae/naweke en met vakansies uit te gaan?
- Kan besoekers ter enige tyd besoek aflê of net tydens besoektye?
- Is daar 'n privaat vertrek vir besoekers?
- Moet besoekers inteken wanneer hulle aankom?
- Word familielede/vriende aangemoedig om in die inwoner se versorging te deel?

Verswaktesorgfasiliteite

- Maak seker wat die bykomende koste/beskikbaarheid van verswaktesorg is, selfs al is dit aanvanklik nie nodig nie.
- Is daar enige spesiaal opgeleide verpleegpersoneel in hierdie area? (Daar behoort 'n gekwalifiseerde verpleegkundige te wees, nie bloot 'n verpleeghulp nie).
- Word jy verplig om van die inwonende dokter gebruik te maak of kan jy jou eie dokter gebruik?
- Word besoekers toegelaat om die verswaktesorg area na willekeur te besoek?
- Is daar enige ongeskiktheid/siekte wat hulle nie in die tuiste kan hanteer nie?
- Hoe word by die tuiste van mediese afval ontslae geraak?
- Word 'n lewende testament erken?

Ander

- Is daar duidelik gemerkte rook- en rookvrye areas?
- Word troeteldiere vir hulle terapeutiese voordele aangemoedig en in die tuiste toegelaat?

- Word inwoners toegelaat om hulle eie troeteldiere aan te hou?
- Was daar enige klagtes/hofsake teen die tuiste?
- Word die wasgoed op die terrein gedoen of uitgekontrakteer?
- Sal die inwoner sy geestelike behoeftes in die tuiste kan uitleef?
- Is daar enige vorm van vervoer vir inkopies/uitstappies/doktersafsprake beskikbaar?
- As inwoners nog aktief is, mag hulle hul eie motors op die terrein aanhou? Is daar 'n veilige parkeerterrein wat maklik toeganklik is?
- Het hulle 'n beleid oor bejaardemishandeling? Hoe word dit hanteer indien dit voorkom?
- Wat is die kennistydperk as inwoners die tuiste wil verlaat?

VERWYSINGS

Coni N; Davison W; Webster S

Lecture Notes on Geriatric Care 1993, 4th Edition, Blackwell Science Ltd, Oxford

Breitng J C

Caring for Older Adults – Basic Nursing Sills and Concepts. 1987, W B Saunders Company

Consumer Association

The Which? Guide to an Active Retirement 1995; Financial editor: Jane Vass. Published by Which? Ltd, London

Garignan A. M

Aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Kontak:

Tel: (021) 421 0077/78
Email: info@dementiasa.org
Or support@dementiasa.org

3rd Floor,
State House,
3 Rose Street,
Cape Town

P.O. Box 16421
Vlaeberg
8018

DEMENTIASA
managing alzheimer's and dementia care

www.dementiasa.org